Welkom - Bestuur nou maklik jou eie Hoërskool Jan van Riebeeck profiel

Beste JvR Alumni,

Ons het goeie nuus vir jou.

Jy het nou volle beheer oor jou eie JvR profiel;

1. **Almal wat by JvR gematrikuleer het, is nou op ons stelsel.** *Daar is meer as **8 500** name.* Die vraag is nou: het ons jou korrekte kontakbesonderhede en wil jy kommunikasie van ons ontvang? Verkry toegang met jou eie wagwoord en voltooi asseblief al die velde van jou profiel, insluitend "toestemming vir kommunikasie". Dit beteken jy hoef ons nooit te versoek om jou naam van die stelsel te verwyder of om jou e-pos, noemnaam of kontakbesonderhede te verander nie, want jy kan dit nou maklik self doen.

2. **Almal wat wil netwerk is op die JvR MemberZone.** *Meer as **200** het al aangesluit.* ***Onthou, sonder jou is die netwerk nie so sterk soos wat dit kan wees nie.*** Al is jou profiel ingevul, is jy steeds onsigbaar vir alle ander alumni totdat jy kies om deel van die aktiewe netwerk te wees deur by die *JvR MemberZone* aan te meld. Kliek op "Netwerk". Daar kan jy gesien word en kan jy ook sien wie beskikbaar is vir kontak. Ons gebruik die "Beroep Beskrywing"-veld om te sien wat jou sport, stokperdjies en gemeenskapsbetrokkenheid behels. Meer as 'n derde van ons alumni is afgetredenes met waardevolle ondervinding, belangstellings en stokperdjies en dit is die plek waar jy dit kan aandui.

3. **Almal ken dalk skoolmaats van wie ons niks weet nie.** By "Verwys 'n Vriend" kan jy sien van watter van *jou* matriekgroep *ons kontakbesonderhede* kort. As jy kan help met 'n e-posadres of selfoonnommer, tik dit dan asseblief daar in.

4. **Almal kan gratis advertensies plaas.** Om die stelsel lonend en aanloklik te maak, nooi ons jou uit om 'n gratis advertensie te plaas. Of dit nou vir 'n tweedehandse item wat in jou motorhuis rondlê en wat jy ***nooit weer gaan gebruik nie*** is, of ***'n spesiale aanbieding*** deur jou besigheid is wat jy aan JvR-alumni wil maak, alles is welkom. *Kom toets dit gerus.*

5. **Almal kan gesels.** By "Forum" kan jy nou lekker met jou klasmaats gesels of selfs met die hele alumni netwerk. Kom begin 'n gesprek oor jou gunsteling onderwerp en wees die eerste een van jou klas. Vertel ook asseblief jou JvR-vriende op Facebook, LinkedIn en Twitter van ons nuwe Alumni-webblad – www.jvralumni.co.za

Kliek hier om 'n PDF-dokument af te laai met vyf maklike stappe om vinnig op JvR se Alumnet-stelsel aan die gang te kom.

Kliek asb.hier, en vul dan dieselfde e-posadres waarna hierdie e-pos gestuur is in. Kliek dan op "Wagwoord vergeet" links onder op die bladsy. Daarna sal jy 'n e-pos ontvang om met jou eie unieke wagwoord toegang te verkry tot die Alumnet -stelsel.

Alles van die beste.
JvR Alumni
jvralumni@gmail.com **Webblad** - www.jvralumni.co.za

Louis Boshoff
Voorsitter
JvR-Oudleerling (1986 – 1990)

Helena le Roux
Sekretaris, JvR-Argief en oudleerlingskakeling
Oud-ouer (1990 – 2003)

Rian Maartens
Databasis Bestuurder
JvR-Oudleerling (1978-1982)

a. **Tegniese besonderhede: Die minimum internet "browser-requirements" om toegang tot die "MemberZone" te kry, is soos volg: Internet Explorer 9 of nuwer, die jongste weergawe van FireFox, Chrome of Safari. Ouer weergawes word ongelukkig nie deur Alumnet ondersteun nie.**
b. **Privaatheid: Die beskerming van jou private inligting en kontakbesonderhede is vir ons van die hoogste belang en dit sal met niemand gedeel word nie.**
c. **Op die Alumnet-stelsel kan jy kies hoe die Alumni-organisasie met jou mag kommunikeer.**